

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
18 September 1977

Onderwerp: Gebed: Liefde tot God en medemens

Lees: Kolossense 1 verse 1 tot 14

Teks: Kolossense 1 verse 3 en 4

Sing: Psalm 68 vers 9  
Gesang 52 vers 7  
Gesang 75 vers 4

“Broers en Susters, Paulus het homself ’n apostel van Jesus Christus genoem aan die begin van hierdie brief. En dit was nie sonder rede nie, want hierdie gemeente het sy apostelskap in twyfel getrek. Hy het toe vir hulle geskryf dat hy nie alleen ’n apostel van Jesus Christus was nie, maar dat God self hom daartoe aangestel het. Hy het sy apostelskap van God ontvang en was ’n geroepene van die HERE.

“Broers en Susters, ek wil vanaand met u praat oor Paulus se gebedslewe. Hy was ’n man van gebed wat getrou vir elke gemeente gebid het. Sy gebede was verreikend in omvang. Wat hier van belang is, is nie soseer hóé hy gebid het nie, maar wát hy gebid het. Ons kan uit sy gebede aflei waarom dit eintlik in ’n gemeente behoort te gaan.

“Mense luister nie graag na ’n boodskap oor gebed nie. Die rede is duidelik. Ons gebedslewe is oor die algemeen verwaarloos. Laat ons maar erken, ons gebedslewe is dikwels so ongeorden en so onreëlmatig, dat dit vrugteloos is. Ons staan almal skuldig voor die HERE. Daarom kan ons almal vanaand by Paulus leer hoe om te bid.

“Paulus was sekerlik net so besig soos ons en miskien nog meer. Sy program was oorvol. Hy het myle te voet op stofpaaie afgelê om die Evangelie tydig en ontydig te verkondig. Selfs in die gevangenis was sy program vol ter wille van die Evangelie. Hier het hy soekers ontmoet en briewe geskryf, soos onder andere aan die Filippense, Kolossense, Galásiërs, Efésiërs, Titus, ensovoorts. Maar juis hier het hy die geleentheid aangegryp om sy gebedslewe uit te bou. Hier was hy op sy knieë vir die gemeentes en alle gelowiges.

“Waaroor het hy gebid? Sy gebed hier in die brief aan die Kolossense was ’n dankgebed. Dit was ’n gebed

tot die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, waarin hy God gedank het vir hulle geloof in Christus Jesus. Dit is opmerklik dat Paulus die HERE altyd daarvoor gedank het. Dit het hom tot groot dankbaarheid gestem dat mense onder alle omstandighede steeds volhard het en gegroei het in die geloof in Jesus Christus.

“Dit is opvallend dat Paulus nie in sy gebed die HERE gedank het vir tien lidmate wat tot honderd gegroei het; óf oor die nuus dat die insameling van R100 tot R500 toegeneem het; óf dat die saal vervang is met ’n kerkgebou nie. Nee, hy het God gedank vir die feit dat die lidmate se geloof in Jesus Christus steeds kragtig was. Dit het beteken dat die Christene in Kolossense nog altyd vasgehou het aan die dinge wat Paulus hulle geleer het. Hulle was getrou aan Jesus Christus.

“Dit is die wonder van die eeue, dat mense te midde van hulle teëspoed en beproewinge volhardend vasgehou het aan die boodskap van die Evangelie. Die Kolossense het beslis nie in ’n makliker tyd as ons gelewe nie en God het hulle deurgedra. Hy kan beslis dieselfde vir u en my doen.

“Die eerste Christene was nie skaam om hulle geloof te bely nie. Hulle het met woord en daad verkondig dat Jesus Christus hulle Verlosser en Saligmaker was. Hulle getrouheid aan die Here Jesus en hulle getuienis vir die Heiland het geblyk uit die kwaliteit van hulle optrede as kinders van God. Die inhoud van hulle geloof was iemand en nie iets nie. Dit was Jesus Christus en wat Hy alles vir hulle gedoen het.

“Satan probeer steeds om Jesus uit te skakel as die sentrale fokus van ons lojaliteit en aanbidding. Mense wil steeds self die inhoud van hulle geloof bepaal deur dit te baseer op eie dade en gevoel. Broers en Susters, Jesus Christus moet die inhoud van ons geloof wees. Hy is die enigste waarborg van ons sekerheid. As ’n mens se geloof op enigiets anders gebaseer is, tree oppervlakkigheid en agteruitgang in.

“Geloof in Jesus Christus veronderstel stiptelike gehoorsaamheid en bereidwilligheid in die dinge van sy koninkryk. Hoe weinig van hierdie lewende geloof word in ons lewens gesien? Hoe weinig is bereid om met vrymoedigheid van Jesus Christus te getuig? As ons vandag as gemeente of individueel beoordeel moet word, is dit nie waar dat Jesus, wat die inhoud van ons geloofslewe behoort te wees, tot ’n groot mate deur ander dinge verdring word nie?

“Paulus het God gedank vir die Kolossense se liefde vir al die heiliges. Hierdie mense het mekaar in liefde gedien na die voorbeeld van Jesus, wat sy dissipels se voete gewas het. Hierdie gemeente was duidelik een groot familie waarin hulle liefde gewoon het. Hulle het dus na mekaar se belange en behoeftes omgesien. Daar was waaragtige broederskap.

“Die Christelike broederskap is die hegte broederskap wat daar kan wees. Wanneer die Bybel daarvoor skryf, is dit nie maar ’n verwysing na ’n sentimentele aandoening nie, maar dit bestaan in ’n egte Godgegewe verhouding van broeder tot broeder in Jesus Christus.

“Dit spoor ons aan om ook aan ons dierbares te dink. Kan ons God dank vir hulle geloof in Christus Jesus? Is ons bekommerd oor hulle geloofslawe, of is ons meer begaan oor hulle aardse bestaan? Hulle persoonlike gebondenheid en geloofsgetrouheid aan Jesus Christus moet voorrang kry en nie hulle prestasies, of welvaart, of selfs hulle gesondheid nie. Dit is die enigste anker wat hulle staande kan hou.

“Geloof en liefde is ’n tweeling. Dit gaan altyd saam. Ons kan verder gaan en sê dat geloof, hoop en liefde ’n drieling is. As daar sprake van geloof is, hoef ons nooit vêr te soek vir die hoop en die liefde nie.

“In Galásiërs 5 vers 22 noem Paulus ons die vrugte van die Heilige Gees: ‘Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.’ In 1 Korinthiërs 13 praat hy van die liefde, maar voeg ook die geloof by. Hierdie vrugte van die Gees is duidelik sigbaar in die lewens van ware gelowiges. Die geloof sal altyd na buite bot en daardie bloeisels is die hoop en die liefde.

“Paulus het God gedank oor die Kolossense se ‘liefde tot al die heiliges’ (Kol 1:4) Dit is treffend dat al die heiliges hier genoem word. Heiliges is die kinders van die HERE. Maar al die kinders van die HERE is nie ewe aantreklik nie. Desnieteenstaande moet ons mekaar liefhê op grond van ons geloofsbande.

“Broers en Susters, ons ween oor die egoïsme van ons dag, selfs in die gemeente van Jesus Christus. Egte, warme broederliefde en belangstelling in mekaar ontbreek so dikwels. ’n Gemeente behoort warm te wees vir die saak van die Here. Die liefde vir al die heiliges behoort die kenmerk van elke gemeente te wees. En Paulus leer ons om God daarvoor te dank.

“Gestel u gaan uit om ’n huisgesin te bemoedig, of om ’n jongmens aan die hand te neem, dan is u juis besig om hierdie liefde te beoefen. Dit beteken dat ons die Christelike lewe as ’n offer sal sien en bereid sal wees om mekaar te dien.

“Waaragtige liefdesdiens stel belang in vervreemdes, help die verswaktes, dra die verlamdes, klee dié wat verwaarloos is, verpleeg die verwondes en ontferm hulle oor die verdwaaldes. Dit is wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het: ‘Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.’ (Matt 25:35,36) Dít is die liefde vir die medemens in die Naam van Jesus Christus.

“As ons God nie vanaand daarvoor kan dank nie, laat ons die Here daarvoor bid en laat ons onophoudelik pleit dat die twee groot kenmerke in die gemeente en elke gelowige sal wees: die geloof in die Here Jesus Christus; en die liefde vir al die heiliges.

“Amen.”